

8 November

1 Johannes 5:1-5

(Teks: 5:4b)

Dit is geloof wat die wêreld oorwin

Ons staan dikwels verstom oor die vooruitgang wat daar in die wêreld gemaak word. Veral omdat dit lyk asof die kerk agteruitgaan, asof die wat uit die geloof lewe aan die verloorkant staan.

Die blye boodskap is: Die kerk kan steeds uit die geloof lewe. Ware gelowiges weet, in Christus is ons meer as oorwinnaars. Dit is nie aan ons vermoëns of eie krag te danke nie. Dit is geloofsvertroue wat God deur die Heilige Gees in ons werk. Geloofsvertroue in die God van die verbond en in die oorwinning van Jesus Christus, die Seun van God. Hy besit alle mag in die hemel en op aarde.

Ons staan vandag met die dwaasheid van die prediking in 'n skynbaar onoorwinbare wêreld. Die vraag is: Kom ons met die eeu-oue evangelie nog by die wêreld uit? Gaan dit nog pas by die wêreldbeeld en die lewenstyl van die 21ste eeu?

Moet die basis van ons geloof, naamlik die onfeilbare Woord van God, nie maar plek maak vir eietydse teorieë nie?

Daar is baie druk om die evangelie by die wêreld aan te pas, om dit meer geloofwaardig te maak. Daar word gevra vir die modernisering van die kerk volgens die wêreld se styl. Hierin word die oorwinning gesoek.

So word daar egter net ondergang bewerk, want so word die kerk deur die wêreld oorwin.

Daar is maar een waarheid en dit is: "Die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof."

Sing Psalm 20:5 en 7 Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)